**VAKATURE: KOSTER - NG Gemeente Overkruin**

Ons gemeente benodig 'n bekwame en geskikte persoon om diens te verrig as KOSTER. Die ideale kandidaat is handvaardig en beskik oor die vermoë om ongereelde ure werksaam te wees.

Die Koster is verantwoordelik vir die instandhouding van alle fasiliteite, geboue en tuine van die gemeente, om alle behoeftes rakende eredienste, vergaderings en ander aktiwiteite op die kerkterrein te identifiseer en toe te sien dat aan al hierdie behoeftes voldoen word. Daarbenewens is die geskikte kandidaat verantwoordelik vir alle deurlopende basiese roetine herstelwerk aan die kerkkompleks, die kerkperseel en die pastorie.

**Kernpligte:**

- Oop en toesluit van kerkterrein tydens weeksdae en Sondae ter voorbereiding van oggend- sowel as aanddienste en funksies.
- Voortydige aan- en afskakel van lugversorgingseenheid vir eredienste en geleenthede.
- Toesig oor en bestuur van personeel met betrekking tot skoonmaak- en tuindienste.
- Verrig self basiese onderhoud en herstelwerk aan kerkeiendom.
- Om as aanmeldingspersoon vir noodherstelwerk te dien.

Handvaardigheid en selfdoen vermoë sal 'n sterk aanbeveling wees.

Indien jy oor die vermoë beskik wat jou geskik maak vir die pos, oorweeg dit gerus om aansoek te doen.

Geskrewe aansoeke met volledige CV kan na die Skriba, Me Orna van der Merwe per e-pos gestuur word na skriba@ngoverkruin.co.za

Navrae kan gerig word aan Danie Kolver, Voorsitter van die Diensverhoudingekommissie: danie@klvr.co.za

Sluitingsdatum: 17 April 2026